

Sing vooraf: Skrifberyming 15-3:1, 4 (39:1, 4)

- 1 Dit sê die Eerste^{en} Laaste, Hy / wat dood was maar nie dood kon bly:
Ek ken jou werke^{en} lydenslot, / jou armoed, maar jy's ryk in God.
- 4 Laat wie volhard in stryd en nood, / getrou wees maar tot in die dood.
En 'k gee hul as genadeloon / die onverwelkb're lewenskroon.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:1, 17 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 17 Geloof sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons om vergewing van ons sondes deur God met Psalm 86:8 (p. 434).

Wet

Psalm 86:8 (p. 434)

- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig
in genade,^{en} altoos trou / is die HEER wat my behou.
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 66:2 (p. 320)

- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Skriflesing: 2 Kronieke 25

Teks: 2 Kronieke 25:2, 8

En hy het gedoen wat reg was in die oë van die HERE, maar nie met 'n volkome hart nie. (2 Kronieke 25:2 AFR1953)

Maar gaan u alleen, tree moedig op in die geveg; God sal u laat val voor die vyand; want by God is krag om te help of te laat val. (2-Kronieke 25:8 AFR1953)

Die byna onbegryplike woorde wat in die Tien Gebooie staan, word in hierdie geskiedenis prakties vervul:

Ek straf tot in die derde en in vierde geslag van die wat My haat.

Hierdie Amasia van wie ons hoofstuk praat, kom uit 'n geslag wat ons as die geslag van die antichris kan beskryf.

- Agab se nageslag het 'n godsdienstige bloedspeer in die geloofsgeskiedenis van Israel agtergelaat.
- Agab en Isebel het God se profete laat doodmaak in die tyd van Elia.
- Hulle was aanbidders van Baäl en Asjera.
- En hulle was teen elkeen wat die ware God aanbid het.

Nou moet u die nageslag van hierdie mense deurgaan en kyk hoe hierdie mense hulle kinders opgevoed het, en wat van hulle kinders geword het.

- Joram, 'n seun van Agab, het in Israel koning geword.
- In Juda het 'n kleinseun van Agab as koning geregeer, naamlik Ahasia, die seun van Atalia, Agab se dogter.
- Hierdie twee konings was bondgenote van mekaar, maar hulle was ook gespierde bondgenote van die satan, want hulle het saam die Baäldiens bevorder onder die vurige aansporing van Atalia.

Ahasia word later in 'n staatsgreep doodgemaak en Atalia neem die regering van haar seun oor.

- Sy was selfs nog slegter as haar ma, Isebel, want Atalia het tot haar eie kinders en kleinkinders laat doodmaak, om seker te maak dat daar niemand is wat die troon van haar af kan wegneem nie.

Die priester Jozabab en sy vrou het egter een kleinkind gesteel en hom in die tempel weggesteek vir ses jaar lank.

- Dit was eintlik maklik, want die afgodsdienaar Atalia het niks in die tempel belang gestel nie en het dus nooit daar gekom nie.
- So begin die geskiedenis van Joas.
 - Hy word koning toe hy sewe was.
 - Wat gaan hierdie tempelkind doen? Gaan hy dit regkry om met die sonde en die smet daarvan van sy voorouers te breek?
- Aanvanklik begin hy goed, maar na sy voog se dood, loop hy in die geskiedenis van sy voorgeslagte voort. Hy word opgevolg deur Amasia.

Die Here openbaar in hierdie geskiedenis dat ouers se godsdienstige swak en slegte gewoontes op hulle nageslagte oorgedra word.

- Daarom begin ons die geskiedenis van Amasia al met 'n vraagteken lees, want ons verwag dat hy moontlik goed mag begin – soos sy pa – maar dat hy spoedig daarna in ongeloof en afgodery sal verval – soos al sy voorouers.

Amasia begin in sekere opsigte sy koningskap werklik goed.

- Hy maak nie sommer sy vader se moordenaars met die intrapslag dood nie.
- Hy wag eers totdat sy koningskap goed gevestig is.
- Wanneer hy hierdie mense begin teregstel, dan maak hy hom nie skuldig aan bloedbaddens en wreedhede soos wat dit kenmerkend van sy voorsate was nie.
- Hy vertoon baie beheersd, want hy maak die skuldiges dood, maar spaar hulle vrouens en kinders. Dit is opvallend.

Die Bybel vertel dat Amasia dit doen uit gehoorsaamheid aan die wet.

- Maar die kraak in sy geloofslewe staan duidelik uit!
- Hy dien die Here nie met sy hele hart nie.

Op 'n stadium moet Juda gaan oorlog maak teen Edom.

- Hierdie oorlog staan sterk godsdienstig gekleur, want Edom is die nasate van Esau, die broer van Jakob.
- In hulle het ons duidelik die verbondslyn gehad: Jakob, die uitverkorene, en Esau, die verwerpte.
 - Esau se lewe het ook bewys dat hy geen liefde vir God gehad het nie.
 - Hier het toe 'n fisiese stryd tussen die verbondsmense en dié buite die verbond begin.

Die oorlog wat Amasia nou aan die gang het, is nog steeds deel van daardie stryd.

- Dawid het vantevore al die Edomiete van 'n sekere stuk grond af verdryf.
- Later het die Edomiete weer die grond teruggeneem, en nou wil Amasia daardie selfde stuk grond weer gaan herower.

Amasia gaan huur hulp troepe uit Israel – maar die Here beskou Israel as 'n ongewenste bondgenoot vir Juda, want Israel was uiters ontrou in hulle aanbidding van die Here, terwyl die ware godsdienste nog in Juda te vinde was.

- Die profeet kom vertel Amasia dat hy die manne van Israel moet terugstuur.
- Amasia probeer red wat te redde is, en hy kla dat hy daardie soldate reeds vooruitbetaal het.
- Die Here se antwoord hierop is dat Hy Amasia baie meer as dit kan gee.
- Die bedoeling is natuurlik dat Amasia sy verliese maklik uit die buit sal kan verhaal – die Here sal dus die oorwinning en baie buit in sy hand gee!

Israel se manne het egter geen begrip vir Amasia se godsdiensoorweging nie.

- Hulle is kwaad omdat hulle eers gehuur word en dan weggestuur word – waarskynlik omdat hulle 'n deel van die buit wou kry.
- Toe gaan roof hulle agter Amasia se rug dit wat hulle gedink het dat hulle sou kry uit sy ryksgebied.

Maar die belangrike gebeurtenis was die oorlog self.

- Amasia is saam met die Here die oorlog in – en het sonder die Here anderkant uitgekom.
- lewers het iets lelik skeefgeloop!
 - Amasia het hom skuldig gemaak aan die oortreding van die eerste gebod, naamlik aan afgodery.
 - Hy het die gode van die Edomiete, wat hy nou net verslaan het, gaan aanbid.

Die rede daarvoor was die volgende:

- Die heidene het geglo dat as jy 'n ander volk oorwin, dan is daardie volk se gode vir jou kwaad (elke volk het mos sy eie afgode gehad).
- Maar as jy daardie afgode saam met jou terugbring en jy offer aan hulle, dan wen jy hulle guns, en dan hoef jy nie nog te sukkel met gode wat vir jou kwaad is nie.
- Hier openbaar die geskiedenis dat Amasia 'n heiden was!

Hy moes mos beseef het dat die Here die Edomiete in sy hand gegee het, en dat hulle gode daarom geen krag het nie!

- Die Here waarsku hom, maar hy wil nie hoor nie.
- Hy dreig die profeet met die dood.
- Die profeet loop toe, maar nie voordat hy klaar gepraat het nie:

En terwyl hy met hom spreek, sê hy vir hom: Het ons jou as raadgewer van die koning aangestel? Hou op, waarom sal hulle jou doodmaak? Toe hou die profeet op en sê: Ek merk dat God besluit het om u te vernietig, omdat u dit gedoen het en nie na my raad geluister het nie. (2 Kronieke 25:16 AFR1953)

Heeltemal prakties voer die Here toe sy raad verder, want Hy is God wat mag het om op te rig of om tot 'n val te bring.

Twee heidense konings binne die volk van God tart mekaar.

- God het dit veral teen Amasia, en daarom verloor Amasia die stryd.
- Hy word as 'n krygsgevangene na sy eie stad teruggebring. Dit was 'n geweldige skande en vernedering.
- Hy word toe weer beroof van alles wat hy het, en sy stad se muur word afgebreek.

Dit het beteken dat hy in sy spoor moes trap, want enigeeen kon hom nou inval en vernietig!

- Die Bybel leer dat Amasia toe nog vyftien jaar gelewe het.
- Let wel, nie geregeer nie – net gelewe! So straf God sondes vir geslagte lank en regeer Hy oor die geskiedenis.

God gebruik die geskiedenis deur self na die aarde toe te kom en met sy eie lewe hierdie selfde saak te kom openbaar.

- Die satan probeer om oor die geskiedenis so te regeer dat dit God onteer en sy koninkryk vernietig.

- Dan kom Jesus as 'n mens – en die satan probeer op elke vlak om die onbekeerdes in te span om Jesus se werk te dwarsboom.
- Hy kry dit reg om selfs die volk en die heidense owerheid saam te snoer in gehoorsaamheid aan hom en hy laat die mense – onder wie die kerkvolk is – Jesus Christus kruisig.

Maar hierdie keer was die uitkoms anders as met Amasia.

- God het nie sy kerkvolk gestraf met vernietiging nie.
- Hy het die bron van die kwaad – die satan – verpletter.
- En Hy het dit moontlik gemaak dat sy kerkvolk hulle tot hulle God kan bekeer en gered kan word.

Die geskiedenis van Amasia het dus nog steeds die krag dat dit leer dat ons vernietig sal word as ons onbekeerlik die duiwel se werke navolg.

- Dit leer ons dat ons slegte geloof en godsdienstelewe op ons kinders oorgedra word, en
- dat ons inderwaarheid daarmee vir hulle 'n graf grawe.

Die Here Jesus Christus se geskiedenis staan teenoor dié van Amasia.

- Hy leer dat daar vergewing moontlik is wanneer ons ons bekeer.
- En Hy leer ons dat Hy in die openbaar bewys gelewer het daarvan dat daar geen mag in die hemel of op die aarde is wat hom teen Hom kan verset nie.
 - Ons het dus nie nodig om iewers anders 'n god te gaan soek om te aanbid nie.
- Maar dit leer ook – in rooi hoofletters – ons ondergang wanneer ons Jesus Christus nie met ons hele hart aanbid nie.
- Dan word ons deel van daardie groep wat eendag deur sy krag in die dieptes van die hel verseël gaan word.

Ons moet dit ook veral sien teen die agtergrond van wat ons glo en bely!

- Ons het ons enersyds onderwerp aan die Here Jesus se Koningsheerskappy,
- maar ons bely en aanbid ook andersyds sy almag oor lewe en dood.

Laat dit ons aanspoor tot ware aanbidding. En laat dit ons ook waarsku teen ons vernietiging.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 145:3, 5 (p. 696)

- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,
daarom prys ons u wêrk, u dáád van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.
- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

**Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 22 Maart 2009**